LA RHONE LIMOUSINS

'jou vennoot in genetiese vooruitgang'

JUNIE 2012

Die eerste winterreën het geval en ons sien elke dag hoe die damme vol raak, die vrugtebome kaal word en die Limousin kalwers hul winterjassies wat die Skepper hul gegee het, aantrek. Van Limousin kalwers gepraat – hulle bring tans groot opgewondenheid op La Rhone! Definitief die stoetdiere van more, met verskeie bulle se kalwers wat baie goed lyk en alle tekens dat die Humbug nageslag diep spore in ons bedryf gaan trap.

VEELS GELUK!

La Rhone bulle het oor die afgelope 2 jaar die afdeling vir senior Limousinbulle regoor die land gedomineer. Die mees onlangse prestasies sluit in Vryburg 2012 – La Rhone Ghandi, senior & raskampioen bul – veels geluk aan Kobus & Maryn van Tonder & Jakkals van Pumba Limousins! Ghandi het vele ander prestasies behaal en het 'n bekende gesig op vleisbeesskoue geword. Bloemfontein 2012 – La Rhone 4x4, senior & raskampioen bul – baie geluk aan Johann & Ansie Claassen & Willie Britz van Henbase Limousins! Beide 4x4 en La Rhone General het vir Henbase talle prestasies in die skouring behaal. 'n Groot woord van dank ook aan Henbase vir hulle groot bydrae om blootstelling aan die Limousins te verleen by talle skoue en ander geleenthede. Royal Skou 2012 – La Rhone J&B, senior en raskampioen bul – voorwaar 'n groot prestasie met sy eerste skou! Baie geluk aan Reimar & Carol Tratschler & Jacques van Rooidraai Limousins. Ook aan John & Tracey Devonport wat met La Rhone Hawker verskeie kampioenskappe verower het – veels geluk. Dit is voorwaar 'n voorreg om kliënte te hê waar diere tot hul volle potensiaal kan ontwikkel – hiervoor sê ons dankie, ook aan elke ander kliënt waar La Rhone diere hul plek in die stoet volstaan.

1 September 2012

Met minder as 100 dae voor ons veiling op Saterdag 1 September op La Rhone, is die veilingdiere almal geidentifiseer. Vanjaar se veiling gaan weer eens 'n unieke geleentheid wees – nie net sal, wat ons glo, die beste veilingstring in die geskiedenis opgeveil word nie, maar dit beloof ook om 'n saamkuiernaweek van 'n baie besondere groep mense te wees. Beplan jy enigsins 'n embrioprogram? Dan is La Rhone Prestige Lenteveiling die ideale geleentheid om te kies en te keur uit 'n wye reeks potensiële embrio donors.

Welkom aan boord aan die bekende en hoog aangeskrewe vleisbeesbeoordelaar- en kenner, Martin Seyfferdt! Martin sal optree as onafhanklike konsultant en is tot beskikking

van voornemende kopers by tel nr 073 291 2516. Martin is alombekend vir sy integriteit en word beskou as een van die wêreld se bestes. Dit is vir ons 'n ongelooflike voorreg om sy kennis te kan gebruik tot voordeel van ons ras en sy mense.

Voorlopige besprekings is reeds gedoen vir akkommodasie. Laat weet ons asb. so gou moontlik vir watter aande en hoeveel persone akkommodasie benodig word. Sodra vlugtye gefinaliseer is, stel ons asb. in kennis indien vervoer van en na die lughawe benodig word. Onthou dat daar 'n begeleide besoek aan die groepe diere in die veld gedoen sal word op Vrydag 31 Augustus vanaf 15:00 nadat ons 'n heerlike braai-ete op La Rhone geniet het. Op Vrydagaand sal ons weer 'n voortreflike ete saam geniet – dit is alom bekend dat die Vrydagaand voor die La Rhone veiling een van die grootste saamkuiergeleenthede in Limousin geledere is – moet dit dus nie misloop nie! Na afloop van die veiling Saterdag namiddag kuier ons saam met 'n heerlike steak-ete, en natuurlik ook die Saterdagaand!

Vervoer van diere sal weer sover moontlik gesubsidieer en gereël word tot so na as moontlik aan hul nuwe eienaars. Skakel ons gerus vir enige navrae en reëlings. Die La Rhone katalogus beloof weer vanjaar om interessante leesstof te wees vir elke Limousin liefhebber. Sien hoe lyk donkiejare se teling saamgevat in een boek! Die finale katalogus behoort teen 20 Julie op die webtuiste beskikbaar te wees.

Wat 'n voorreg om deur 'n unieke ras soos die Limousin die geleentheid te hê om ons passie uit te leef! Ons bly dankbaar vir al die wonderlike vriende wat die Limousins oor ons pad bring – julle is werklik besonders en verryk ons lewens elke dag. Ons almal in die Limousin bedryf bevind onsself op die vooraand van 'n bloeitydperk – ons is baie positief oor die toekoms van die ras en glo die beste lê nog voor, daarom loop ons die ekstra myl! Geniet julle diere – sien uit om van julle te hoor!

Andre, Trudene & AJ du Toit
Sel : 082 787 9207 / 072 3773 792 , e-mail: larhone@obiekwa.co.za

www.larhone.co.za